<u>Ouderdom:</u> Vs-Gr3
<u>Tema:</u> Storie
<u>Teks</u>: Efesiërs 5:8b:("Leef dan as kinders van die lig.")

'n Storie vir voorlees: 'n effens aangepaste Pollyanna-weergawe

Daar was eendag 'n dogtertjie wie se pappa 'n sendeling was. Haar mamma was al lank reeds dood aan malaria en sy en haar pappa was baie geheg aan mekaar.
Partykeer kry die sendelinge pakkies van mense wat aan hulle gedink het en wat graag vir hulle iets wil stuur waarvan hulle. sal hou of wat hulle kan gebruik. Pollyanna se verjaardag was baie naby en toe bid sy vir Liewe Jesus dat iemand ASSEBLIEF TOG vir haar 'n ou poppie moes stuur vir haar verjaarsdag.
Daar kom toe vir haar 'n pakkie aan. 'n Yslike groot pakkie wat baie stewig vasgebind was en plek-plek rooi verseël was. Pollyanna kon nie wag om dit oop te maak nie! Sy het hier gepluk en daar getrek en uiteindelik kon sy sien wat binne-in was – 'n kruk!
Ai, maar sy was teleurgesteld. Wat moes sy nou met 'n KRUK maak? Sy, wat spring-lewendig is en wat albei haar bene goed kan gebruik. Wat sal sy nou met 'n KRUK doen? Haar oë het kort voor lank geswem in die trane.
Maar haar pappa, wat altyd iets moois in elke situasie probeer sien het, sê toe vir haar: "Pollyanna, jy kan vir Jesus baie dankie sê dat jy nie die kruk nodig het nie. Dink net hoeveel gelukkiger is jy as al die ander kindertjies wat nie sonder 'n kruk kan loop nie."
Pollyanna het dadelik na haar pappa toe gehardloop en haar arms om sy nek geslaan en vir hom 'n vet soen gegee. Sy sê toe: "Dankie Pappa! Pappa is reg, ek het baie om voor dankbaar te wees."
Nie lank daarna nie moes Pollyanna begin skoolgaan.
Haar pappa wou baie graag hê dat sy in haar moedertaal onderrig moes ontvang, want daar ver in Mosambiek vind die onderrig maar hoofsaaklik in Portugees plaas en Pollyanna se pappa wou hê dat sy Engels ook goed moes leer ken, veral as sy eendag verder sou wou leer.
Pollyanna gaan bly toe by haar tannie in Londen. Aanvanklik het Pollyanna maar swaar aangepas, want haar Tannie was baie streng en netjies en sy was nie gewoond aan kinders wat in die huis raas nie. Pollyanna moes dus leer om saggies die trappies af te kom, elke keer beleefd die tannie te groet as sy inkom of uitgaan en mooi met haar beentjies langs mekaar op 'n stoel te sit.
Pollyanna se tannie was 'n goeie mens. Streng, maar liefdevol en sy het graag vir arm mense en siek mense iets gestuur. Pollyanna het soms alleen die mandjie met kos na die mense wat dit nodig gehad het, geneem. Dan het sy land en sand met hulle gesels en hulle harte bly gemaak met haar borrelende geselskap.
Kindertjies van die Here word nie net geken aan hulle kleredrag en hulle taal soos wat baie volke aan uitgeken word nie.
(Sjinese met kimono's; Arabiere met hulle lang rokke en hooftooisels), maar Christene word veral geken aan die manier waarop hulle teenoor mekaar optree.
So het Pollyanna altyd dadelik geluister as haar tannie haar geroep het, want 'n Christen is gehoorsaam aan gesag. Sy het ook nie te lank weggebly as haar tannie haar iewers heen gestuur het nie, want sy het geweet haar tannie sal dan bekommerd raak oor haar. 'n Christen doen mos aan ander soos hy graag wil hê dat ander mense aan hom moet doen.
Sy het elke dag vir almal vriendelik gegroet, selfs vir die norse ou omie wat gewoonlik gemaak het of hy niemand raaksien nie - totdat die oom ook later vir haar begin groet het en selfs vir haar begin glimlag het!
Die beste eienskap van Pollyanna was egter dat sy nie maklik kwaad geword het vir ander mense nie. As iemand lelik optree, het sy altyd 'n verskoning probeer uitdink om hulle hulle gedrag te verskoon. So het sy byvoorbeeld
gereeld vir een ou siek tantetjie, wat nooit tevrede was met dit wat in die mandjie was nie, kos weggebring. As haar tannie hoender ingepak het, wou die tantetjie liewer vark gehad het. Pollyanna besluit toe dat hierdie tantetjie
seker nie kan besluit waarvoor sy lus het nie en van toe af pak sy altyd vir haar 'n bietjie van alles in!
Op 'n dag het iets vreesliks gebeur - Pollyanna kon een oggend nie opstaan nie - haar bene was verlam!
Almal wat daarvan te hore gekom het, het na haar huis toe gestroom, want hulle het haar bitter jammer gekry.
Die mense het blommetjies en lekkertjies en boekies vir haar aangedra en beurte gemaak om by haar bed te sit,

sodat sy nie alleen was nie, want sy het diep in almal se harte gekruip. Hulle het vir haar gebid en ook gebid dat die regte medisyne en behandeling gevind sou word, sodat sy weer sou kon loop. Deur die Here se genade is die
regte behandeling toe toegepas en was Sy wil dat Pollyanna weer kon loop. Pollyanna het vir Hom dankie gesê en met die tweede kans weer opnuut begin leef as sonnestraaltjie in ander mense se lewens.
Is dit nie ook wat die Here van elkeen van ons verwag nie?
Sy genade teenoor ons is so groot, ons het soveel seëninge ontvang, daarom moet ons ook soos dankbare mense goeie dade doen en leef soos kinders van die lig!

(Efesiërs 5:8b: "Leef dan as kinders van die lig.")

Memoriseer die teks deur gebruik te maak van die voorstelle in "Speel-Speel tot Sy Eer" (Ringsgids 1999, verkrygbaar by die Jeugkantoor.)